## 22 September Genesis 19:12-29 (Ps. 11:6)

### *God oordeel*

Dat God die goddelose mense met sy oordeel sal vernietig, staan vas. God bepaal 'n dag waarop die oordeel voltrek sal word (Hand 17:3). Twee keer in die Bybel lees ons dat God 'n besondere oordeel oor mense gebring het: In die tyd van Noag was dit die sondvloed. In die tyd van Abraham word Sodom en Gomorra deur vuur en swael vernietig. Psalm 11:6 beklemtoon en onderstreep andermaal dié waarheid: God sal die goddeloses deur vuur en swael ombring. Wie word deur die oordeel gestraf? Almal wat Christus nie tot redding aangeneem het nie (Matt 7:13). Wie dus die aanbod van die Here in sy lewe onverskillig, in ongeloof verwerp, sal veroordeel word tot die ewige dood. Die Woord sal self teen, hierdie goddeloses getuig (Joh. 12:48). Die mense wat geoordeel word van hulle sondevolharding, sê Psalm 11:6, sal deur vuur en swael verteer word. Hulle sal in die poel van vuur gegooi word (Op 20:10, 15). Vuur is die beeld van uiterste smart. Wanneer Christus weer kom, kom Hy om te oordeel. Dan sal die goddelose hulle ewige straf ontvang vir hulle hardnekkige verwerping van God se Woord van verlossing. Hierin lê 'n duidelike bekeringsroep tot elkeen om God se Woord ernstig op te neem en te lees. Wat die Here in sy Woord laat opskryf het, is die volle waarheid en ook ten volle ewige erns. Wie dit verwerp, verwerp die verlossing.

Sing: Skrifberyming 31:1, 2, 3 Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)